Diensbeen: GK Benoni Koinonia
Diensgroep: Diens van Barmhartigheid

Gereformeerde Kerk Benoni
Rom12:2

2020-05-01

Turn2Us

Geliefdes

Hulpverlening deur Turn2Us

1) **Agtergrond.**
    a. Die GK Benoni se D.v.B. Diensgroep **versorg** verskeie lidmate en/of gesinne, sommige langdurig, ander op ‘n ad hoc-basis. Hierdie word op ‘n voortgaande basis deur die D.v.B.-Diensgroep hanteer.
    b. In die huidige omstandighede (Covid-19) word ons egter al meer bewus van moontlike behoefte aan **hulpverlening** aan persone (binne of buite die gemeente, ook naburige Gereformeerde gemeentes) wat nood beleef. Ons begin daarom ‘n **bediening** wat sodanige hulp verleen. Die naam vir hierdie bediening is **Turn2Us**.
    c. Die fondse sal deur die D.v.B. geadministreer word afsonderlik van die gewone D.v.B. fondse. Die D.v.B. en Dust-bediening het reeds onderneem om bydraes tot die fonds te maak.
    d. Ons nooi jou hiermee om deel te wees van hierdie bediening
2) **Wat word bedoel met “hulpverlening”?**
    a. Hierdie Hulpverlening sal gerig wees op kos-nood wat persone beleef, hoofsaaklik deur die beskikbaarstelling van **kospakkies**.
        i. Hulp sal eenmalig gegee word op ‘n ad hoc-basis **per aansoek** op die beskikbare **pro forma**. Dus: as daar een keer hulp verleen is, word daar nie outomaties weer hulp verleen nie.
        ii. Aansoeke word deur aangewese lede van hierdie bediening **gekeur**. Die hulp sal eerstens aan die mees verdienstelike persone eerste gegee word.
        iii. Daar is **beperkte fondse** beskikbaar. Daarom word kospakkies beperk tot voedsel wat honger teenwerk. Daar is absoluut geen plek vir luukshede nie.
        iv. Ons voorsien **bepaalde items** in ‘n kospakkie (2 mense vir ½ maand?), wat ongeveer R 300 sal kos om aan te skaf:
        v. **Bulk-aankope** sal via Checkers of ander bronne aangekoop word. Daar sal gesoek word na die mees ekonomiese manier om die produkte aan te skaf.
3) **Hoe jy kan help**
    a. Die grootste dele van die befondsing sal egter vanuit **bydraes** verkry moet word.
        i. Dit sal gaaf wees as iemand na vore kom om die **fondsinsamelingspoging** van stapel te stuur.
        ii. Jy kan, as gemeentelid, bydra deur ‘n **skenking**(s) aan die Diakonie, duidelik gemerk as vir **Turn2Us.**
        iii. Jy kan ook namens jou **besigheid** bydra. Ongelukkig is ons nog nie gerat om ‘n 18A-belastingsertifikaat te kan oorhandig nie.
    b. Uitdeel van kospakkies
        i. Hettie (of ‘n ander aangewese persoon) van hierdie bediening sal die **aankope** in groot maat doen soos nodig. Die aangekoopte goedere moet by die kerkgebou besorg word.
        ii. Vrywilligers sal die kospakkies **uitdeel** – verkieslik by die kerkgebou, met streng toegangsbeheer. Twee dae per maand in skofte.

Dankie dat jy deel is van hierdie bediening. Insette tot optimale funksionering kan aan Hettie gemaak word.

Oudl. Hettie Viljoen
(Diens van Barmhartigheid)
(hettie.viljoen@absamail.co.za)

Ds. Rynhardt Pretorius
(Predikant)
(rynhardtp@gmail.com)

Ds. Braam Krüger
(Predikant)
(braam@gkbenoni.co.za)